

10 September

Skrifgedeelte: Psalm 128:1-6

Huisgesin – sentrum van God se seën

Wanneer kindertjies die eerste keer skool toe gaan, vra die juffrou hulle om 'n prentjie van 'n huis te teken. As ons so 'n prentjie van naderby bekyk, sien ons 'n huis met 'n skoorsteen, 'n son en 'n paar wolkies, en laastens nog 'n paar dinge wat vir die kind belangrik is.

As dieselfde kinders 'n paar jaar later weer die prentjie moet teken, lyk dit gewoonlik heelwat anders. Die huisie wat vroeër met net enkele vierkante en driehoëke geteken is, het nou meer detail. Een van die ouerfigure word groter geteken omdat die kind 'n prominenter betrokkenheid van die ouers ervaar. As hierdie kinders eers ouers geword het, lyk die prentjie nog anders.

Daar ook nog die prentjie van Psalm 128. Met die pragtigste en keurigste woorde laat die digter 'n skildery ontvou: 'n gelukkige Pa, 'n pragtige vrou, jong, gesonde en sprankelende kinders, 'n aktiewe geloofslewe én vrede.

Onmiddellik vra ek hoe die prentjie lyk wat van my gesin geteken word. Miskien ontbreek die ideale beeld wat in Psalm 128 beskryf is. Nóg tans leer die Here ons hier om ons sake in orde te kry. Die volmaakte gesin begin wanneer ons die Here met volle oorgawe dien en sy wil doen (vers 1).

Aan sulke mense gee die Here sy seën in oormaat. Die digter beskryf daardie oormaat met twee beelde uit die landboubedryf. Die wingerdstok herinner aan feesvieringe en simboliseer vrugbaarheid en oorvloed. Die olyfboom het feitlik in elke daaglikse behoefte (kos, medisyne en lig) voorsien. Hierbenewens bring die Here voorspoed vanuit Jerusalem en ook vrede.

Die huisgesin is die plek waar die Here begin om ons te seën. As die huisgesin vir God so 'n prominente plek inneem, behoort ons op soortgelyke wyse daarvoor te dink en ons te verlustig in die Here se seëninge.

Sing: Psalm 128:1,4 Ds PJ van Blerk (Kempton Park-Mooifontein)